DIE SEWE PASSE ROETE VAN GEORGE NA KNYSNA

Nadat on na Groenkloof Reebok verhuis het, het Maude by geleentheid by ons kom kuier. Ons was altyd gereed om ’n nuwe bestemming in ons omgewing aan te pak en het besluit om die Sewe Passe roete tussen George en Knysna te verken.

Die oorspronklike pad wat George met Knysna verbind het, is deur Thomas Baines en sy swaer, Adam de Smidt, in die negentiende eeu gebou. Baines het by Knysna begin en de Smidt aan George se kant. Volgens oorlewering het hulle blykbaar later stry gekry oor watter roetes gevolg moes word en is ook as kwaaivriende daarna uitmekaar !

SWARTRIVIER PAS:

Vandat ek as kind kan onthou het ons met die Saasveldpad vanaf George na Saasveld met ’n grondpad gery. Omtrent halfpad was daar ’n brug oor die Swartrivier. Ek het in die hoofstuk oor Saasveld vertel dat ’n kollega van my pa, oom Mike Mohr, wat toe die prinsipaal van die Bosbou kollege op Saasveld was, dié brug aan my “gegee” het en dit toe in ons gesin bekend gestaan het as “Pierre se brug”. Hierdie pad was vroeër bekend as die Swartrivier pas en was die eerste van vele passe op die roete van George na Knysna wat gedeeltelik deur die inheemse woud geloop het en tot in 1952 nog die hoof verbindings roete tussen George en Knysna was. In die laat sestigerjare is die Saasveldpad opgegradeer en geteer en die brug het verdwyn. Later jare het Saasveld ’n satellietkampus van die Universiteit van Port Elizabeth geword, wat vandag bekend staan as die Nelson Mandela University. Gevolglik is die Saasveldpad se naam ook verander na Madiba Drive ! Omdat die naam van dié pas so baie verander het en met die opgradering daarvan nie eintlik meer ’n pas is nie, is dit toe nie ingesluit in die historiese Sewe Passe roete, toe dit as nasionale monument verklaar is nie.

KAAIMANSGAT PAS

Hierdie pas loop van die ingang van Saasveld tot by Wilderness hoogte. Die oorspronklike hout brug is in die vroeë 1900's deur Victoriaanse beton brug vervang, soos meeste van die brûe in die Sewe Passe roete en is almal tot nasionale gedenkwaardighede verklaar. Soos die Swartrivier pas is hierdie pas ook intussen geteer.

Victoriaanse beton brug oor die Kaaimans rivier

SILWER RIVIER PAS:

Hierdie kort pas begin waar die Kaaimansgat pas eindig en word soms ook as ’n verlenging van die Kaaimansgat pas beskou. Dit is minder as 3 km en sak af tot die brug oor die Silwer rivier. Die grootste deel van hierdie pas loop deur die inheemse woud en is baie mooi.

Brug oor die Silwer rivier

TOUW RIVIER PAS:

Hierdie gruispad is nog soos dit oorspronklik deur Adam de Smidt gebou is, behalwe die brug wat met ’n staalbrug in 1897 vervang is. Hierdie pas begin aan die oostekant van die Touw rivier ravyn en verloop deur verskeie melkplase en eindig by die klein dorpie, Hoekwil.

Die oorspronklike brug oor die Touw rivier is in 1897 deur hierdie staalbrug vervang.

HOOGGEKRAAL PAS:

Hierdie pas is die eerste wat Thomas Baine gebou het, indien jy in die rigting van George na Knysna ry. Die pas is minder as 3 km grondpad en verloop deur baie mooi skilderagtige landskappe. Dit is 10 km noord van Sedgefield geleë. Die pad daal af na die Hooggekraal rivier en styg dan weer om te eindig net wes van Karatara. Die brug oor die Hooggekraal rivier is ook in Victoriaanse styl, soos dié oor die Kaaimansgat -en Silwer riviere.

KARATARA PAS:

Hierdie pas, steeds grondpad, begin by Karatara. Hierdie dorpie se ontstaan is ’n hartseerstorie. Boswerkers wat vir eie gewin hout in die inheemse woud gekap het se permitte is sonder waarskuwing deur die regering van die dag teruggetrek. Werkloos en huisloos is hulle na Karatara gestuur, waar daar nog vandag van hulle nasate woon.

HOMTINI PAS:

Die pas oor die Homtini rivier staan ook bekend as die Goukamma rivier pas en eindig by die saagmeule in Rheenendal.

Homtini pas

PHANTOM PAS:

Vernoem na die wit Phantom mot wat in die area gevind word, verloop hierdie pas 7,5 km af na die Knysna strandmeer. Die eerste deel van Thomas Bains se taak om George met Knysna te verbind, was om ’n toegang pad vir werkers langs die westelike einde van die Knysna getyrivier na die Zuurvlakte Kroon bosse te bou. Hierdie pad het bekend geword as die Phantom Pas.

Ons toer het daar geëindig en en nadat ons ’n bietjie Brenton on Lake en Brenton on Sea met sy mooi uitsig oor Buffelsbaai besoek het, het ons met die N2 weer teruggekeer na Reebok !

Die 75 km Sewe Passe roete het vir 70 jaar as die hoofpad tussen George en Knysna gedien, totdat die nasionale pad tussen George en Knysna geopen is in 1952 en tans bekend staan as die N2.

Terug na Inhoudsopgawe